# BULLETIN

NG KERK SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

08 Februarie 2026

## KONTAKBESONDERHEDE

Kerkkantoor
Erna Schuite
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
Leraar
Ds Franziska Andrag-Meyer
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
Koster
Elize Oosthuizen
060 884 4756

## BANKBESONDERHEDE

NGK Suidpunt
ABSA
Takkode: 334-412
Rek nr: 1780147276
Gee asb 'n verwysing, bv. Dankoffer

Hoe om **Mobipaid** te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede. Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.

## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Elaine | Beeselaar | 02/08 |
| Malan | Conradie | 02/08 |
| Johna | Giliomee | 02/08 |
| Marisa | Naudé | 02/11 |
| Stephaan | Vosloo | 02/11 |
| Strepies | van Wyk | 02/12 |
| Stander | Kreder | 02/13 |
| Elsjé | Kriel | 02/13 |
| Helgaard | Potgieter | 02/14 |

### DISSIPELSKAPKURSUS

Dankie vir die manier waarop jy die DISSIPELSKAPKURSUS in die groepe aanbied, ds.Franziska. Ons leer BAIE!

### NUWE INTREKKERS

Baie welkom in ons midde, almal wat by ons inskakel en tuis voel in ons gemeente. Vul asseblief jou naam, van en kontaknommer in in die boek wat op die tafel in die kerk lê. Ons sal jou graag wil verwelkom en leer ken.

## WELKOM!

### EREDIENSTYE

08h30 L'Agulhas
09h30 Struisbaai
10h30 Kategese
Spesiale kollekte:
Straatwerk

**Donderdag**
10h00 Uitsigblokke 1 & 2
11h00 Kommunikasie

**Vrydag**
07h30 Mannebynelstudie
09h00 All Pay

### Sondag 15 Februarie

08h30 L'Agulhas
09h30 Struisbaai
10h30 Kategese
Spesiale kollekte:
Veritas Msinga

### NUWE LIDMATE

Ons verwelkom belydende lidmate Mynhardt en Azél Traut van NGK Monumentpark-Wes.

## Bid saam met ons vir reën

Hemelse Vader, ons nader U vandag as die Skepper wat die natuurwette daargestel het, in die volle besef dat ons hele lewe in u hande is. Ons bely ons volledige afhanklikheid van U, want U alleen is die bron van alle goeie dinge en U weet reeds wat ons nodig het nog voordat ons dit vra. Here, ons verootmoedig ons voor U in hierdie tyd van nood, soos u Woord ons. Ons vra vandag vir die genade om altyd goeie rentmeesters te wees van die gawes wat U aan ons toevertrou. Help ons om ons opnuut te verbind tot die verantwoordelike gebruik van alle hulpbronne - veral die kosbare water - wat U aan ons voorsien. Gee ons die wysheid om met eerbied en sorg om te gaan met die skepping wat U aan ons sorg toevertrou het. Ons bring die Wes- en Suid-Kaap spesifiek voor U, waar die droogte diep spore sny en ons boere swaarkry onder die hitte en die bedreiging van bek- en klouseer. Ons pleit by U vir uitkoms en vir die nodige reën, nie net vir hierdie streke nie, maar vir die res van ons land. Mag u seën oor elke veld en dorp sak sodat daar hoop en herstel kan wees. Ons plaas ons vertroue op u sorg vir hierdie jaar en die verre toekoms, wetende dat U ons daaglikse afhanklikheid raaksien. Amen

**Teksvers:** Ps 34:15 - Bly weg van die kwaad en doen wat goed is, soek vrede en jaag dit na!

## Ons bid vir...

1. Onderwysers en leerders wat al voluit aan die gang is.
2. Reën in al ons land se droë gebiede.
3. Seën op ons gemeente - aktiwiteite.
4. Seën op ons uitreik na Kenia.
5. Mense wat geliefdes aan die dood moes afstaan, dat hulle weer vrede sal ervaar en sal kan voortbeweeg.
6. Almal wat wag op operasies, dat dit suksesvol sal verloop.
7. Straatwerk, dat mense wat op straat leef se lewe weer rigting sal kry.

**STRAATWERK** "2 min noodles en cup of soup" vanaf Suidpunt gemeente na die gangetjies en stegies van die stad. 'n Warm koppie sop of 2 min noodles maak die lywe warm en die harte oop om die Goeie Nuus van Jesus Christus te hoor. Hulle benodig ook handdoeke en lyfseep vir die storte in die Bo-Kaap, Kontak die Kerkkantoor vir meer inligting.

### DANKIE VIR:

1. André & Corneli Brink wat al jare lank onder die Maasai in Kenia werk.
2. Gemeentelede wat betrokke is waar hulle kan.
3. Onderlinge liefde en vriendskap.
4. Die geleenthede om ook uitreikgeleenthede te kan ondersteun.
5. Die pragtige opkoms by ons eerste Jeugbyeenkoms en dat die kinders die skattejag so geniet het.
6. U genade en u Woord wat elke dag, van geslag tot geslag, nog toepaslik is.

### HOENDERBRAAI

Meer as 100 bestellings vir 'n hoenderpakkie met slaai en 'n broodrolletjie is geplaas! Dan kon ons nog poeding ook bestel! Baie dankie aan almal wat so hard gewerk het. Dankie vir Johanna Kriel wat die organisering van slaaie en poedings so uitstekend doen. Dankie vir elke helper en braaier en vir Johan Hattingh wat hard werk om aan die einde van elke maand alles in plek te kry vir die hoenderbraai ten bate van ons uitreik na Kenia. Ons bid Gods rykste seën op hulle werk in Kenia toe

## Doen & Deel

### DAMESTEE

Dames, bederf jouself of 'n vriendin en kom woon ons DAMESOGGEND by. Besprekings kan by Erna gedoen word by 0284356789 van Dinsdag tot Donderdag, 08h00 tot 12h00. ILSE ROUX, bekende in bruidskringe en skrywer van geestelike boeke is ons gasspreker. Sien asseblief die plakkate wat opgeplak is. VIER JOU VROUWEES!

### JEUGBYEENKOMS

Dankie vir jou moeite met die SKATTEJAG wat jy gereël het vir die kinders, Lida. Almal het dit baie geniet Myra, dankie vir die advertensie wat jy daarvoor opgestel het en vir almal wat betrokke was.

Daar was 39 kinders!

Wat 'n prestasie!

### WêRELDBIDDAG VIR MANS EN VROUE.

Die Wêreldbiddag vir mans en vir vroue vind albei plaas op Vrydag ,6 Maart, in L'Agulhas.
Die mans se byeenkoms begin om 7:30 en word gelei deur Ds. Pierre Marais.
Die vrouebyeenkoms begin om 9:30.
Nooi jou vriend/vriendin, buurman/buurvrou en word versterk met die tema:"Ek sal julle rus gee"




